# Gemaak om meer te wen

**Lee-Ann van Rensburg 03/03/2019**

1. **OPSOMMING VAN VORIGE WEKE:**

**Efesiërs 1 (AFR33) "En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."**

**Efesiërs 2:10 (AFR83) "Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."**

**1.1.** **WEES –** Geskep/vakmanskap: Wie is ek gemaak om te wees? 'n Seun van God en 'n dissipel van Jesus.

**1.2.** **DOEN –** goeie werk: Wat is ek geroep om te doen? Kern missie is om dissipels te maak.

**1.3.** **GAAN –** bestemming: Waarna toe is ek geroep om te gaan? Kern posisie is om te gaan na geleenthede waar ons leef, werk en speel.

2. **DAAR GAAN OPPOSISIE WEES**

**2.1.** Ons moet wakker word. Nie net tot ons missies nie, maar ook tot die feit dat ons geroep is om vegters te wees.

**2.2.** Ons het 'n baie werklike vyand wat ons wil stop. En die vyand sal enige iets doen om jou wen te stop.

**2.3.** Die vyand se plan is beide individueel en korporatief. Individueel, wil hy ons laat twyfel oor ons identiteit, vermoë en mobilisasie sodat ons korporatief nie uitgaan en ander ook mobiliseer nie.

**Efessiërs 6:10-12 "Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug."**

**2.4.** Die stryd is nie net daar buite in die wêreld nie. Dit is binne ons gedagtes.

**2.5.** Die stryd is ook soms in die kerk.

3. **DIE WAPENRUSTING VAN GOD**

**Efesiërs 6:13-18 "Daarom moet julle God se gevegstoerusting aantrek. Dan, wanneer die Bose julle aanval, sal julle weerstand kan bied, en na die hele geveg verby is, sal julle nog vas staan. Staan dus vas deur waarheid as 'n gordel om julle heupe te dra en trek God se vryspraak as borsharnas aan. Trek die bereidheid om die Goeie Nuus van vrede te verkondig, aan soos skoene aan julle voete. Dra onder alle omstandighede**

**die skild van die geloof. Daarmee kan julle al die brandpyle blus wat die Bose afskiet. Gebruik God se verlossing as ’n helm om julle koppe te beskerm. En gebruik die swaard van die Gees, dit is God se woord. Doen alles deur gebed en smeking. Laat die Gees julle elke keer in die gebed lei. Bly in alle omstandighede op julle hoede en bid vir almal wat aan God behoort.”**

**3.1.** Elke gedeelte van die wapenrusting roep ons tot aksie. Die wapenrusting is nie net daar vir ons om aan te trek nie. Dis bedoel om gebruik te word.

**3.2.** Efessiërs, soos meeste van die Bybel, is nie net geskryf vir die individue nie, maar vir die gemeenskap van gelowiges, die liggaam.

**3.3.** Ons, as Sy liggaam, is geroep tot eenheid. Die vyand sal ons altyd probeer verdeel sodat hy ons kan oorwin.

**Lukas 11:17 “Maar Hy het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en 'n huis wat teen homself is, val.”**

**3.4.** Die wapenrusting van God is ons, Sy liggaam, wat arm in arm saam staan as een. Hierdie eenheid hou die vyand weg van ons gemeenskap af.

**3.5.** As ons as Sy verenigde liggaam die wapenrustig van God verteenwoordig en ons dit aktiveer en uitleef, dan raak die gordel van waarheid ‘n gemeenskap van gelowiges wat die waarheid in liefde met mekaar praat. Wanneer ons die waarheid in liefde met mekaar praat, kan die vyand ons nie infiltreer nie. So ons word beskerm deur die wapenrusting.

**3.6.** Die borsharnas van geregtigheid, is die gemeenskap van gelowiges wat arm in arm saam staan en regverdig teenoor mekaar optree. Wanneer ons dit doen vertrou ons mekaar en dan keer dit die vyand om ons te infiltreer.

**3.7.** Die voete van bereidheid om die goeie nuus te verkondig is ‘n aksie waarin ons vrede najaag. Binne die liggaam van Christus sowel as in die gemeenskap daar buite. Ons moet in vrede saam met mekaar leef.

**3.8.** Wat as die skuld van geloof ‘n groep van gelowiges in ‘n gemeenskap is wat getrou aan mekaar is en saam met mekaar, en vir mekaar glo?

**3.9.** Wat daarvan as die helm van verlossing ons gedagtes is wat deur Jesus en die kruis verander word? Wat as ons as a groep gelowiges ons gedagtes “check” en mekaar lei in God se waarheid.

**3.10.** Die swaard stel die kerk in staat om aan te val. Dink aan Jesus in die woestyn. Hy was versoek, net soos die die kerk versoek word, en Hy het met die Woord terug geveg.

**3.11.** Die Woord van God is ‘n aksie en nie net ‘n naamwoord nie. Dit is nie net ‘n boek op jou rak nie, maar eerder ‘n magtige krag ommee gereken te word.

**3.12.** Paulus sê ook dat ons moet aanhou bid. Bid gedurig in die Gees. Gebed is ‘n aksie en gebed in die gees is ‘n geestelike aksie. Nie net vir ons individueel nie, maar ook vir die liggaam van gelowiges en die gemeenskap daar buite.

**3.13.** Wanneer ons hierdie begin verstaan, kan die poorte van hel nie seëvier nie. Wanneer ons verstaan dat die gemeenskap lewe saam moet doen, saam Sy Woord bestudeer, saam met mekaar bid, saam God soek vir die wêreld, saam (as ‘n eenheid) staan, is dit die beste aanvallende, oorwinnings strategie ooit.

**4. GEESTELIKE TEENSTRYD**

**Efessiërs 6:10-18 (Nuwe Lewende Vertaling) “Ten slotte: Vind krag in julle verbondenheid aan die Here, ja, in die krag van sý sterkte! Om staande te bly teen die listigheid van die duiwel moet julle God se gevegstoerusting aantrek. Want ons stryd is nie teen mense nie, maar teen bose regeerders en maghebbers, teen die geeste wat heerskappy in hierdie donker wêreld uitoefen, teen die bose geeste in die hemelruimtes. Daarom moet julle God se gevegstoerusting aantrek. Dan, wanneer die Bose julle aanval, sal julle weerstand kan bied, en na die hele geveg verby is, sal julle nog vas staan. Staan dus vas deur waarheid as ’n gordel om julle heupe te dra en trek God se vryspraak as borsharnas aan. Trek die bereidheid om die Goeie Nuus van vrede te verkondig, aan soos skoene aan julle voete. Dra onder alle omstandighede die skild van die geloof. Daarmee kan julle al die brandpyle blus wat die Bose afskiet. Gebruik God se verlossing as ’n helm om julle koppe te beskerm. En gebruik die swaard van die Gees, dit is God se woord. Doen alles deur gebed en smeking. Laat die Gees julle elke keer in die gebed lei. Bly in alle omstandighede op julle hoede en bid vir almal wat aan God behoort.”**

## Gesprek Gids

## Gemaak om meer te gaan

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Ervaar jy op die oomblik teenstand in jou lewe? Sien jy dit as ‘n aanval van die vyand of dink jy dit gebeur net toevallig of dat dit selfs ‘n aanval van ander mense is?
2. Dink jy dat jy die wapentoeristing <u>gebruik</u> of trek jy dit slegs aan?
3. Is jy geneig om alleen te veg wanneer jy teenstand ervaar? Kan jy insien hoekom dit meer effektief is om saam, as die liggaam van Christus, die stryd aan te durf?